

**Woensdag 22 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Kronieke 13:1-14**

**Fokusgedeelte: 1 Kronieke 13:1-2**

**'n Mooi gedagte, maar verkeerd uitgevoer**

Israel se vyande was nou onderwerp en het nie meer bedreiginge vir hulle ingehou nie. Nou kon Dawid aan binnelandse sake aandag gee. En die eerste wat moet gebeur, is dat die volk weer op 'n gesonde voet kom in hulle aanbidding van die Here. Daarom moet die verbondsark – teken van God se teenwoordigheid by sy volk (Eks. 25:22) – na Jerusalem toe gebring word.

Dit is 'n rein gedagte van Dawid – die Here moet die middelpunt van die volk se lewe wees. Dit is immers met offerbloed op die deksel van die ark wat daar versoening gedoen word vir die volk. Wanneer dit by diens aan die Here kom, is 'n rein gedagte egter nie genoeg nie. Die wyse waarop die rein gedagte uitgevoer word, is ook belangrik.

In plaas daarvan om die Here te raadpleeg en sy voorskrifte na te gaan (Num. 4:1-20), raadpleeg Dawid die leiers in die volk. Almal was opgewonde oor die plan en Dawid organiseer 'n indrukwekkende prosesie sonder gelyke – 'n nuwe wa, musiek, gedans en gejubel van die volk sal die ark na Jerusalem begelei. Die Here het egter die hele prosesie in sy spore gestuit met die dood van Ussa.

Diens aan die Here geskied soos Hy dit voorskryf en nie op die manier wat nou populêr is onder die mense nie. Met baie kunsmatige goed en dingetjies wat gewild is in die samelewing wil mense vandag ook die Here dien. Om te die Here te dien, is 'n mooi en edel gedagte. Maar dan doen jy dit op die wyse wat Hy voorskryf.

Wat vir mense ouderwets en dwaas lyk, wil die Here gebruik. Hy maak Homself deur sy Woord en die prediking daarvan aan mense bekend. Dit is met die lewende verkondiging van sy Woord dat die Heilige Gees mense tot geloof in Christus bring en in die geloof aan Christus vashou tot lof en eer van God.

*Sing: Psalm 96-1:1, 2, 3*

*Ds. CCA Vrey (Coen) (Bellville)*